

Sing vooraf: Psalm 73:10 (p. 369)

- 1 Nogtans sal 'k altyd by U bly; / niks sal my van u liefde skei –
0 U wat my regterhand gevat het, / vir wie 'k van harte liefgehad het.
U sal my voortlei deur u raad, / O God, my Hulp, my Toeverlaat,
en na die dag van aardse stryd, / my opneem in u heerlijkheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Skrifberyming 1-1:2 (24:2)

- 2 Hy het deur eie wil bewoë, / dat niks ons ooit weer sou vervreem,
om Christus wil, uit mededoë, / ons as sy kinders aangeneem;
dat ons, by guns so vry gegewe, / in hart en wandel onbevlek,
sou leef voor Hom, in liefde lewe, / wat lewe^oin dooie harte wek.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet antwoord ons met Psalm 31:17 (p. 147)

Wet

Psalm 31:17 (p. 147)

- 17 Geloofd sy God vir sy genade, / so wonderbaar en groot / aan my, sy gunsgenoot.
Sy oog slaan my in liefde gade; / Hy lei my na 'n veste / in veiliger geweste.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 146:5 (p. 701)

- 5 Dis die HEER wat aan die arme / in sy druk laat reg geskied,
wat uit liefderyke^oerbarme / hongeriges spyse bied;
wat gevang'nes vryheid skenk / en hul in hul smart gedenk.

Skriflesing: 1 Konings 8

Teks: 1 Konings 8:39

. . . wil U dan hoor in die hemel, u vaste woonplek, en vergewe en handel en aan elkeen gee volgens sy weë, U wat sy hart ken — want U alleen ken die hart van al die mensekinders — (1 Konings 8:39 AFR1953)

Salomo het vir die Here 'n nuwe tempel gebou. By die ingebruikneming van hierdie tempel het Salomo voor die altaar van die Here gaan staan, sy hande opgetel na die hemel toe en begin bid.

- 'n Baie mooi gebed. 'n Gebed wat baie dieselfde belydenis het as wat ons in ons harte het wanneer ons as 'n gemeente na ons God se sakramente toe kom:

- *Here, ek is 'n sondaar wat oneindig diep vasgevang sit in my swakheid!*
- *Vergewe my my sondes, en vernuut my, sodat ek U reg kan ken en aanbid!*

Kyk net hoe begin Salomo sy gebed:

- Eers is daar 'n doksologie – dis 'n lofsang of lofverheerliking aan die Here.
- Maar in hierdie lofprijsing word die genade en die liefde van God oor die mens baie sterk beklemtoon. Vers 23:

HERE, . . . daar is bo in die hemel of onder op die aarde geen God soos U nie, wat die verbond en die goedertierenheid hou vir U knegte wat voor U aangesig wandel met hulle hele hart . . .

In die Nuwe Vertaling staan dit baie mooi vertaal met die volgende woorde:

U hou U aan die verbond en U bly getrou teenoor U dienaars wat met volle oorgawe voor U lewe!

Salomo se gebed het sewe hoofpunte. Al sewe hierdie bede gaan van die vertrekpunt af uit dat die mens 'n hopelose sondaar is.

- Ons is heeltemal doemwaardig voor die Here, want ons lewe bewys dat daar 'n groot gebrek aan goeie dinge is.

Vers 31 en 32 bevat die eerste bede: Die mense sondig teen mekaar. Maar die Here moet dit so beskik dat die skuldige skuldig verklaar word sodat die regverdige sonder smet kan verder leef.

Nou is dit so dat daar iets in hierdie teks is wat hinder, want hoekom moet die Here nou juis die man wat in die tempel sy sondes kom bely en selfs bereid is om vervloeking te dra oor sy skuld, verder vertrap? Daar is twee redes daarvoor:

- Die eerste rede is die regverdigheid van God. Hy straf nie die verkeerde persone nie.
- Die tweede is dat die Here die hele volk verantwoordelik hou vir die sondes van die individu. Almal van hulle was nie goddeloses nie, maar tog is hulle almal later in ballingskap weggevoer.

Met hierdie gebed bid Salomo dat die Here die individu vir sy sondes moet straf, maar die volk nie daarvoor verantwoordelik hou nie.

Tog breek hierin al die verlossing van Christus ook deur omdat God iemand skuldig verklaar sodat die ander kan vrykom.

- Die Here Jesus is skuldig verklaar sodat ons almal regverdig kan uitstap.
- Ons moet ook hierdie hele gebeurtenis sien teen die agtergrond dat koning Salomo juis met sy vredesryk en sy oprigting van die tempel die simbool is van Christus in sy oorwinning oor die sonde, en van die volmaakte koninkryk van die hiernamaals.
- Al twee hierdie dinge kom al na vore in die ingebruikneming van hierdie tempel en ook in die skuldigverklaring.

In hierdie eerste deel van die gebed word ons baie diep afhanklikheid van die Here en ook ons vrees vir sy straf baie duidelik onderstreep.

Die tweede deel van die gebed is vers 33 en 34 waar daar gebid word dat die Here tog die volk moet vergewe wanneer hulle tog gestraf word as hulle aanbidding verflou.

- Ons weet dat daar nie so 'n oorlog was in Salomo se tyd nie.

- Maar ons weet ook dat hierdie koning sy volk geken het, en geweet het van hulle afgodedienste en dat die Here die een of die ander tyd hieroor sy geduld sou verloor en hulle straf met oorlog en ballingskap.

Maar let op dat die kring wyer word:

- Eers was dit die individuele sondaar, nou is dit die hele kerkvolk.
- Die kern van die gedeelte is 'n smeekgebed vir genade – moenie die massa straf vir hulle sonde nie, maar vergewe hulle as hulle daarvan bekeer.

Die derde gedeelte van die gebed is verse 35 en 36. En die kern van daardie deel is dat die Here hulle moet leer om Hom reg te dien.

- Om hulle te leer, gebruik die Here droogte om hulle te straf, maar net om hulle te straf totdat hulle berou het oor hulle sondes en hulle hulle dan bekeer.
- Daarom is die Here se onderrig so belangrik – hulle moet weet wat om te doen wanneer hulle die Here reg wil dien!

Die vierde deel van die gebed is verse 37-40. Hier word al die plaes beskryf wat die Here kan beskik om sy volk mee te tug.

- Tog staan daar in vers 38 iets geskryf wat hierdie plaes dadelik 'n dieper betekenis gee.
- Dit gaan nie net oor die uitwendige dinge nie – dit gaan oor jou sonde wat jy doen.
. . . enige gebed, enige smeking wat enigeen van u hele volk Israel sal doen, as elkeen die plaag van sy hart ken, sodat hy sy hande na hierdie huis toe uitbrei . . . (1 Konings 8:38 AFR1953)

As elkeen die plaag van sy hart ken . . .

- Elkeen het dus 'n plaag, of 'n vernietigende aanval van die duiwel op sy lewe.
- Elkeen kan tog nie met 'n ander plaag kom nie, want as daar sprinkane is, vreet dit nie net by een mens sy plaas op nie.
- Dis dus duidelik dat hier dadelik verwys word na die binnekant van elke mens – wat dan inderdaad gaan verskil!

As so 'n mens kom bid – Here, verhoor dan!

God is onwankelbaar.

- Hy het 'n vaste woonplek en is nie aan rondtrek soos die nomadiese veeboere onder die Jode uitgelewer nie.
- Hy is vas in sy besluite en in sy liefde.
- Here, daarom, terwyl U liefhet, vergewe elkeen wat opreg in u huis kom bid.

Verder moet die Here ook elkeen vergeld volgens sy lewe, want God ken ons harte!

- Die bedoeling is dat die Here mos nou weet wie kom smek in opregtheid.
- Die Here weet ook wie kom bid sommer nou maar net weer omdat die nood hoog is, maar sodra die uitkoms daar is, dan gaan hy weer terugval!

Die volgende deel van die gebed gaan dan oor die uitbreiding van die kerk – *vreemdelinge moet ook die evangelie hoor.*

Die sesde bede is dat die Here met sy alomteenwoordigheid ook die gebede van mense moet verhoor wat nie in die tempel kan kom bid nie.

- Die laaste deel van sy gebed handel dan daaroor dat alle mense sondig en dat die koning baie goed weet dat die volk se sondes hulle vorentoe gaan inhaal.
- Hy bid dat die Here se genade hulle dan ook nog moet bereik en hulle sondes vergewe.

Hierdie gedeelte sluit baie duidelik aan by die gemeente van die Nuwe Testament.

- Daar is lidmate wat individueel sondig, maar tog staan die gemeente in sy geheel ook nie smetvry en sondevry nie.
- Ons is elke dag in konflik met dit wat goed is.

Nou is die tyd van Nagmaalviering op hande.

- Nagmaalgebruik 'n oomblik van waarheid.
- Elkeen ken sy eie sondes.
- Elkeen weet dat God in sy hart sien.
- Ons kom dus in 'n sekere sin ontbloot by die Nagmaaltafel aan.

Dit is darem nie al hoe ons by die Nagmaaltafel gaan aansit nie!

- Ons gaan ook daarheen met die gebed dat die Here ons ons sondes sal vergewe.
- Daarby kom ons Nagmaal toe om hierdie versekering van die Here self te ontvang – terwyl die Nagmaal deur Hom aangebied word.
- Saam met die versekering dat ons sondes vergewe is, wil ons ook weer verseker word dat ons bestem is om in die ewige lewe in sy koninkryk te wees.

Die gesindheid in my hart wanneer ek gaan Nagmaal gebruik, is baie dieselfde as dié van Salomo: *Here, ek sit baie diep vasgevang in my sondes en ellendes; vergewe my my sondes en vernuut my, sodat ek U reg kan ken en aanbid.*

Daarom moet ons baie duidelik verstaan dat ons voor die Nagmaal onself baie deeglik en eerlik moet bekyk sodat ons die erns en die diepte van ons sondes waarlik kan besef.

- Dit kan nie deur enigeen gedoen word nie.
- Alleen diegene wat waarlik deel in die verdienste van Jesus Christus, en wat die vermoë het om te kan luister na die stem van die Heilige Gees, sal hierdie dinge besef.
- Want dis net die Heilige Gees wat jou sover kan bring dat jy jouself werklik kan ontdek soos wat jy is.

Dan eers kry die dood en opstanding van die Here vir ons betekenis.

- Eers wanneer die oomblik van waarheid oor ons sondige toestand vir ons aangebreek het, kan ons besef hoe ons inderdaad van God vervreem geraak het as gevolg van ons sondes, en hoe verwerplik ons inderdaad voor Hom is.

Maar daarmee saam sal die genade van die Here Jesus se versoening aan die kruis ook die ware berou in ons bewerk.

- Dit sal die wil in ons wakker maak om nie weer tot oneer van ons Here hierdie sondes en swakhede te pleeg nie.
- Juis die besef dat ons deel in die genade van die Here Jesus Christus, maak dat ons met 'n eerlike skuldbelydenis voor God na sy sakrament toe wil kom.
- Dit maak ook dat ons 'n baie swaar behoefte het om uit sy mond te verneem dat ons wel in die lig van sy genade staan omdat ons sondes ons vergewe is.

Sigbaar demonstreer die Here dan met twee alledaagse simbole dat al sy genade ons eie word –

- so asof ons sy liggaam en bloed eet en drink en die energie daarvan deel word van ons eie liggaam.
- So sekerlik deel ons in die verlossing en skuldvergewing wat Hy verkry het met sy kruiswerk.

Geliefdes, laat ons onself so deurtastend ondersoek, en met 'n eerlike besef en 'n waarlike berou oor ons sondes na die Here se Nagmaal toe kom.

Aan die Nagmaaltafel sal die Here daardie pyn en selfverwyt wat in ons lê, verlig met die bevestiging van die vergifnis van ons sondes, en ook met 'n versekering dat ons by Hom sal lewe tot in ewigheid.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 119:60 (p. 598)

60 Tot U loop ek, op u hoop ek, / op u wette gee ek ag;
 en ek hou wat U getuig het / vol van liefde en stil ontsag.
 'k Voeg my stil na u bevele / mag ek die maar nooit vergeet!
 HEER, U weet dit – al my weë / is voor U wat alles weet.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
 Gereformeerde Kerk Bellville
 Datum: 2 November 2008